higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEGINSELS VAN STRAFREGSPLEGING
NKR VLAK 2

(8021012)

20 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Sosioëkonomiese status verwys na:

A Om manlik of vroulik te wees.
B Om bitter te voel of van mening te wees dat omstandighede onregverdig is.
C Jou posisie in die samelewing en hoeveel geld jy besit.
D Dit verwys na jou gesondheidstatus.

1.2 Watter EEN van die volgende stellings is verkeerd?

A Die nasionale wetgewer is die parlement.
B Die nasionale wetgewer vaardig wetgewing uit.
C Die nasionale wetgewer interpreteer die reg.
D Die wetgewende liggame van die nege provinsies staan bekend as die provinsiale wetgewer.

1.3 Wetstoepassing voer die volgende funksies in die strafregspleging uit:

A Dit beskerm die regte van beskuldigdes.
B Dit besluit of 'n persoon skuldig of onskuldig is.
C Dit het ten doel om misdadige gedrag en die pleging van misdade te voorkom.
D Dit lê 'n behoorlike vonnis op aan diegene wat aan 'n misdaad skuldig bevind is.

1.4 Voordele van vrywilligersdiens:

A Kinders wat aan vrywilligersdiens deelneem, raak gewild.
B Samewerking tussen mense skep struikelblokke.
C Die omgewing word bewaar.
D Die omgewing sal glad nie baat vind nie.

1.5 Toestande in geboue wat die veiligheid van mense in gevaar kan stel, sluit in:

A Veilige installering van elektrisiteit.
B Behoorlike veiligheidsmaatreëls in geval van 'n brand.
C Die gebruik van minderwaardige materiale in die konstruksie van die gebou.
D Inspeksies deur die bouinspekteur.

(5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n woord/item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	DBV	A	inligting oor 'n misdaad
2.2	Jeugdiges	B	'n persoon wat inligting aan die polisie verskaf
2.3	Intelligensie	C	'n wederregtelike handeling
2.4	Informant	D	feite oor 'n misdaad
2.5	Dossier	E	tekeninge of boodskappe, dikwels onbeskof of aanstootlik, wat op mure geskryf is
2.6	Graffiti	F	kinders onder die ouderdom van 18 jaar
2.7	Hospies	G	'n organisasie wat terminale pasiënte versorg
2.8	Gevange hou	H	hou in bewaring by die polisiekantoor
2.9	Misdaad	I	die papierwerk wat ingesamel word wanneer 'n misdaad aangemeld word
2.10	Getuienis	J	vereniging vir die voorkoming van wreedheid teenoor diere
		K	koerante, tydskrifte, kartondose en ander papiermateriaal
		L	prosesse en handelinge wat onderneem word om te verseker dat die gevangene gereed is om in die gemeenskap vrygelaat te word
		M	mense in aanhouding wat nog nie skuldig bevind is nie

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Aanranding is 'n gewelddadige fisieke of verbale aanval.

3.2 Nieregeringsorganisasies is openbare organisasies wat 'n diens aan die gemeenskap lewer.

3.3 Herwinning beteken dat ons hulpbronne slegs een keer kan gebruik.

3.4 'n Inhegtenisneming het nie ten doel om die gearresteerde te straf nie.

3.5 'n Gebrek aan infrastruktuur lei tot toestande wat gunstig vir misdaad is.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Gee EEN woord/begrip vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/begrip langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Om jou dienste aan te bied sonder om iets in ruil daarvoor te verwag.

4.2 Dit wat oorbly en nie meer benodig word nie.

4.3 Om die stelsel te gebruik as 'n afskrikmiddel vir potensiële misdadigers en om 'n ondersteuningstelsel vir slagoffers te voorsien.

4.4 'n Amptelike bevel om in die hof te verskyn om getuienis te lewer.

4.5 Die vergelyking van misdade wat oor 'n tydperk in 'n spesifieke gebied aangemeld word.

(5 × 1) **[5]**

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Voormalige klerk wat beskuldig word van die diefstal van geld geoormerk vir borgtog en boetes is terug agter tralies



Landdroshof. (Duncan Alfreds, News24) op 21 September 2017

Kaapstad – 'n Hofbeampte wat na bewering byna R50 000 gesteel het wat bedoel was vir borgtog en boetes bevind hom terug agter tralies nadat hy versuim het om sy eie hofverskyning by te woon.

Charlton Alberts, 26, sal in aanhouding bly totdat hy volgende Woensdag na die beskuldigdebank in die Laaiplek-landdroshof terugkeer op verskeie aanklagte van diefstal ná sy inhegtenisneming deur die Valke se teenkorrupsie-eenheid.
Hy is Maandag in hegtenis geneem op aanklag van minagting van die hof nadat hy versuim het om in April vir 'n verskyning op te daag.

Alberts het as 'n finansiële klerk by die Laaiplek-landdroshof gewerk, het die Valke se woordvoerder, kaptein Lloyd Ramovha, Saterdag gesê.
'Daar word beweer dat hy tussen 5 Desember 2015 en 16 Februarie 2016 kontant gesteel het wat burgerlikes by die hof inbetaal het vir verskeie transaksies, wat borgtog en boetes ingesluit het,' het hy verduidelik.

'Hy is aanvanklik in 2016 in hegtenis geneem, ná ondersoeke na sy onwettige aktiwiteite, en hy het 'n paar hofverskynings gemaak voordat hy op die vlug geslaan het.' Wes-Kaapse hoof van die Valke, Nombuso Khoza, het gesê korrupsie deur staatsamptenare, ongeag die waarde betrokke, sal nie geduld word nie.

'Die publiek maak staat op beamptes om goeie voorbeelde in die samelewing te stel. Die beweerde handelinge van die beskuldigde druis lynreg daarteen in,' het sy gesê. Alberts sal na verwagting op 13 September in die beskuldigdebank by sy voormalige werksplek verskyn.

[Tammy Petersen, News24]

5.1 'Dit is 'n basiese beginsel van die strafprosesreg dat die beskuldigde by sy of haar verhoor teenwoordig moet wees. Daar is egter DRIE uitsonderings op hierdie beginsel.'

Noem hierdie uitsonderings. (3)

5.2 "n Beskuldigde moet verhoor word in die landdrosdistrik waar die oortreding gepleeg is.'

Noem die landdroshof waar die beskuldigde sal verskyn. (1)

5.3 'Charlton Alberts is Maandag op aanklag van minagting van die hof in hegtenis geneem.'

Omskryf minagting van die hof. (5)

5.4 Noem SES voorbeelde van minagting van die hof. (6)

5.5 'In die saak Gosschalk v Rossouw 1966(2) SA 476 het die hof erken dat 'n polisieondervraging 'n persoon se reg op privaatheid kan skend.'

Verduidelik wat met ondervraging bedoel word. (4)

5.6 Wat word bedoel met verhoor in 'n ope hof? (1)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Noem die beginsels van herstellende geregtigheid. (6)

6.2 Verduidelik die verskil tussen 'n *veilige omgewing* en 'n *onveilige omgewing*. (4)

6.3 Noem kortliks en verduidelik die rol van enige drie rolspelers in die strafregspleging. (6)

6.4 Gee VIER praktiese voorbeelde van vrywilligersdiens. (4)

6.5 Ouderdom is 'n sosiale kenmerk van 'n gemeenskap wat tot misdaad kan bydra.

Verduidelik hierdie stelling met betrekking tot kinders. (4)

6.6 Afgesien van hofverhore, noem drie ander maniere waarop konflik opgelos kan word. (3)

6.7 Noem DRIE artikels wat herwin kan word. (3)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

'NRO's vervul 'n uiters belangrike taak in die lewering van dienste aan die Departement Korrektiewe Dienste.'

7.1 Verduidelik die volgende terme/begrippe:

7.1.1 NRO's (2)

7.1.2 Verhoorafwagtende gevangenes (3)

7.2 Bespreek die rol van NICRO (Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en die Herintegrasie van oortreders). (10)

7.3 Definieer die volgende begrippe:

7.3.1 KBODP ('CPPS') (3)

7.3.2 KGP ('CWP') (2)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20

GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou